e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

10 Oktober 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 33

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kyk, Ek gaan iets nuuts doen

Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring **(Jesaja 43: 19)**

Die meeste mense hou van nuwe dinge. Ons raak opgewonde oor nuwe musiek en nuwe films, nuwe modes, nuwe tegnologie en nuwe karre. Maar oor dinge uit die verlede raak ons sentimenteel, nie opgewonde nie. Ons onthou mooi herinneringe met heimwee en swaarkry met 'n traan. Maar dis verby, en ons wil die meeste daarvan nie weer beleef nie – selfs nie die goeie dinge nie!

Vir baie mense is geloof ook iets uit die verlede. Geloof gaan oor wat lank terug met *ander* mense soos Abraham en Moses, die profete en die apostels gebeur het. Geloof gaan oor wyse woorde wat ou kerkvaders kwytgeraak het. Geloof is iets wat ons voorouers in staat gestel het om groot swaarkry te deurstaan: die Hugenote, die Voortrekkers, my oupa en ouma. *Húlle* het nou vir jou 'n onwrikbare geloof gehad!

Dis so amper asof geloof vir ons herinneringe aan 'n geïdealiseerde verlede is. Dis iets waaroor ons sentimenteel kan raak, maar nie opgewonde nie. En ons raak alte gou negatief en pessimisties oor die toekoms van die kerk...

Jesaja 43 reflekteer die situasie teen die einde van die Babiloniese ballingskap. Die koninkryk van Juda het tot 'n einde gekom, Jerusalem is vernietig en die tempel van die Here platgeslaan. 'n Groot deel van die volk en hul leiers is na Babilonië weggevoer, en hulle het hierdie verskriklike gebeure gesien as die Here se straf op hul sonde en afvalligheid. Tog het hulle in die vreemde probeer vashou aan die verlede – aan die herinneringe van God se wonders, die godsdienstige gebruike van hul voorouers, en beloftes wat hoop bied.

Dan bring 'n nuwe profeet (Deutero-Jesaja) 'n nuwe boodskap: *Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom…* (Jes 43: 18-19).

Jesaja 43 verwys self duidelik na die verlede (verse 15 tot 17): God se openbaring aan Moses (*Ek is die Here*), sy skeppingswerk (*die Skepper van Israel*), die redding uit Egipte (*wat 'n pad gemaak het deur die see*). Dit dien as herinnering aan God se mag, openbaring en genade.

Maar geloof durf nie by die verlede stagneer nie: Jesaja 43 getuig dat God iets nuuts in die geskiedenis gaan doen, dit kondig die onvoorstelbare val van die magtige Babilonië en die mense van Juda se terugkeer uit ballingskap aan. Jesaja 43: 19-20 gebruik beelde uit die natuur om te bevestig dat God elke dag steeds nuut skep en ongelooflike dinge doen.

Daarmee saam verduidelik Jesaja 43 waarom God nóú wéér in die mense van Juda se lewens iets nuuts gaan doen: *Ék het die redding aangekondig, Ék het gered en dit laat verkondig...* ***Julle is my getuies****, sê die Here, en Ek is God* (Jes 43: 12).

Verstaan ons vandag dat geloof nie net oor dinge uit die verre verlede handel nie, maar dat ook óns getuies is van die nuwe dinge wat God nog gaan doen? Ja, in elkeen van ons se verlede het God iets ongeloofliks gedoen toe Hy ons op die naam genoem het, van ons sy kinders gemaak het, en ons lewens ingrypend verander het.

Maar dan kan ons as gelowiges nie net terugkyk nie. Ons moet ook vorentoe kyk. Want God gaan steeds nuwe dinge met ons doen, en met ons Kerk. Hiervan was die pas afgelope 70ste AKV weer vir my bevestiging. Hiervan moet ons getuies wees, mense wat sy lof verkondig omdat Hy iets nuuts in ons lewens gedoen het, en wéér gaan doen!

Dr Wouter van Wyk, SENTIK



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplaas

- **Gemeente Onverwacht** in Ellisras beplan om hul toekomstige vakante **voltydse standplaas** te vul**.** Hierdie is 'n groeiende plattelandse gemeente in die Bosveld, met 'n sterk industriële gemeenskap. Daar vind heelwat uitbreidings plaas met die nuwe kragstasie wat in aanbou is, asook nuwe myngroepe wat besig is om te ontwikkel. Onverwacht is deel van die ring van Potgietersrus.

  Die gemeente bestaan uit ± 630 lidmate, waarvan 402 belydende lidmate is. Daar is ongeveer 190 besoekpunte in die gemeente, wat bestaan uit 30 dorps- en 4 plaaswyke. Die gemeente is besig om 'n eie kerkgebou op te rig en beoog om gedurende Desember/Januarie in hul eie gemeentesentrum in te trek.

  Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die Woord suiwer te verkondig, diensgroepe wat reeds bestaan te bestuur, die jeug betrokke te hou, evangelisasiewerk te fasiliteer, betrokke te wees by fondsinsamelingsprojekte, asook normale huisbesoek en pastoraat te verrig. Die gemeente bied 'n pakket volgens skaal aan die suksesvolle kandidaat, met 'n reistoelaag.

  Belangstellende predikante/proponente kan **voor 13 Oktober 2013** 'n volledige CV stuur aan **admin@onverwachtgemeente.co.za**. Navrae kan aan ds Coenraad Strydom by 084 506 1917 of aan die skriba, oudl Stoffel Pretorius, by 082 875 7631 gerig word.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.



Ds Pierre Kotze

- **Ds Pierre Kotze**, wat tans met siekte-emeritaat is, het op 17 September een van sy broer se niere ontvang; hy het nou drie niere. Hy is tuis, maar is tans onder kwarantyn, om te waak teen infeksie. Ds Kotze ervaar nou byna geen pyn nie, nadat hy voorheen elke tweede dag vier ure lank aan 'n dialisemasjien gekoppel was. Ons bid hom baie sterkte en 'n wonderlike nuwe fase in sy lewe toe.

- **Dr Kálmán en Leoné Papp** se eerste kleinkind, 'n dogtertjie (René), is Dinsdag 1 Oktober gebore. Baie geluk aan die ouers en grootouers!

- Op Saterdag 5 Oktober het 'n groep weer die **tweejarige Himnologiekursus** voltooi en hul diplomas ontvang. Die kursus is aangebied deur **dr Elsabé Kloppers**, hoof van die Instituut vir Kerkmusiek. Daar is sterk gefokus op die tekste en musiek van liedere en hoe liedere gebruik kan word om die erediens te verryk. 'n Bewussyn vir die Kerkjaar is ook tuisgebring. **Ds David du Plessis** skryf op Facebook: *Die sang by elk van die byeenkomste was vir my 'n wonderlike belewenis. Ek wil graag hierdie kursus by predikante en orreliste aanbeveel!* Een van die jongste kursusgangers, **Hendrik Lourens van Middelburg**, skryf: *Die toerusting wat ek ontvang het, is ongelooflik – wil nou meer en meer elke dag die kerklied bestudeer. Die vlammetjie is aangesteek! Dankie aan almal vir die wonderlike ervaring.* Die volgende kursus begin vroeg in 2014. Kontak dr Elsabé Kloppers by **elsabekoppers@gmail.com** vir meer inligting.

Himnologiegroep

- Die **NG Kerk** se Algemene Sinode 2013 vind hierdie week in Port Elizabeth plaas. **Dr Wim Dreyer en ds Leon Geel**, voorsitter en skriba van ons AKV, woon die Sinodesitting namens ons Kerk by. Meer inligting oor die agenda, werkswyse en besluite van die Sinode is by **http://www.as2013.co.za/** beskikbaar. Ons bid die NG Kerk 'n geseënde en vrugbare Sinode toe.

- Gemeentes word vriendelik daaraan herinner dat die huidige **boekjaar van die Bybelgenootskap** (BSA) op 31 Oktober sluit. Bydraes aan die BSA moet asseblief **teen Vrydag 25 Oktober** aan die BSA oorbetaal word om te verseker dat dit betyds ontvang word. Bydraes wat laat ontvang word, sal nie in die verslae aan die ringsvergaderings van 2014 gereflekteer kan word nie. Die **deurkollektes van Hervormingsondag (27 Oktober) moet eers in November oorbetaal word** as die eerste bydraes vir die 2014-boekjaar van die BSA. **Alle gemeentes in die RSA** word daaraan herinner dat bydraes direk oorbetaal moet word aan die Kempton Park Administratiewe Sentrum en nie aan enige ander streekkantoor van die BSA of die ring of die Raad van Finansies nie. Gemeentes moet hul eie donateursnommer (soos dit in die gereelde finansiële state verskyn) as verwysing gebruik. Skakel gerus vir mev Anne-Marié Nortjé by 011 970 4010 gedurende kantoorure (08:00-16:00) indien die donateursnommer onbekend is. Die **BSA se bankbesonderhede** is soos volg: Bybelgenootskap van Suid-Afrika, ABSA Kempton Park, takkode 632 005, rekeningnommer 260 220 748. Bevestig alle inbetalings per faks (011 970 2506) of e-pos (**nortje@biblesociety.co.za**). Die **bydraemikpunt** is **R36** per belydende lidmaat.

- Die bestuur van die **Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika** het besluit om voortaan nie 'n kongres te reël in die jaar waarin daar 'n gewone Algemene Kerkvergadering plaasvind nie. Die volgende kongres sal (DV) op **Donderdag 30 Oktober 2014** plaasvind. Lede en belangstellendes word egter versoek om vanjaar die **Heidelbergse Kategismus 450 Konferensie** by te woon. Dit word op **28 en 29 Oktober** aangebied deur die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Meer besonderhede kan verkry word van dr Wim Dreyer by **wim.dreyer@up.ac.za**. *(Sien ook bladsy 9 by **Ander nuus**.)*

- **Ds GC (Gert) van Staden** se e-posadres het verander. Die nuwe adres is **gert.van.staden32@gmail.com**.

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV SE JAAR VIR GESTREMDHEID**. **Respekteer en akkommodeer.** Dis onsensitief om te verwag dat 'n blinde moet "raai" wie jy is. Baie blindes het 'n fenomenale geheue om mense aan hul stemme te eien, maar soms moet jy net vriendelik sê wie jy is!

- **Vrydagoggend 27 September** se **opening van die AKV** deur **ds Eksteen Botes**, tesame met die **orreluitvoering** die aand, is beskikbaar op DVD teen R20 elk. Die DVD wat tydens die AKV uitgedeel is, met die boodskap van die voorsitter, visevoorsitter en sekretaris van die AKV, asook mense se belewenisse van die tweedag-gesprek oor kerkwees, is ook beskikbaar. Bestellings kan geplaas word by die ADV-kantoor by **diens@diakens.co.za**. Die bankbesonderhede is soos volg: Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekening nommer 020 149 752, takkode 532005, verwysing: u naam en DVD 70 AKV. Faks asseblief die bewys van betaling na 086 545 1379.

- Die fonds vir **die bediening in Zimbabwe** het oor die afgelope tyd ernstig gekrimp en daar is tydens die AKV weer 'n beroep op lidmate en gemeentes gedoen om **bydraes** daartoe te lewer. Bydraes vir hierdie doel kan in die rekening van die Raad van Finansies inbetaal word (ABSA tjekrekening nr **020 000 287**), met die verwysing 16ZPRF en die skenker se naam daarna. (Gebruik asseblief hierdie rekeningnommer; die nommer wat in verlede week se *e-Hervormer* verskyn het, het te veel syfers gehad.)

- **STUDIEBEURS: MAATSKAPLIKE WERKER.** Aansoeke word ingewag vir die **Robbie Schilz-beurs** ten bedrae van R40 000 per jaar, vir studie in maatskaplike werk vir die akademiese jare 2014 tot 2017. Die suksesvolle kandidaat moet gekeur wees deur die Universiteit van Pretoria vir maatskaplike studies, asook 'n belydende lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk wees. Die beurs is beskikbaar vir die eerste of 'n daaropvolgende studiejaar. Aansoekvorms is op aanvraag beskikbaar van **jnvh@otmt.org** of faks 012 323 2127 en moet ingedien word nie later nie as **15 November 2013**.

- **NHSV: Beurse en lenings vir 2014.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R3 000 tot R8 000. Aansoekvorms kan afgelaai word by die NHSV se webadres, by **www.nhsv.org.za**, onder NHSV kantoor, pro forma-dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2013**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie.**

- **POS VIR JEUGBEDIENAAR: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin** beskik oor 'n vakature vir 'n Jeugbedienaar, verkieslik tussen 20 en 35 jaar oud. 'n Passie vir kinders en jongmense, en goeie menseverhoudings is van die vereistes wat gestel word. Die persoon sal verantwoordelik wees vir die organisasie en fasilitering van die totale jeugbediening van voorskools tot jong werkendes. Lidmate van Afrikaanse kerke, proponente en predikante is welkom om aansoek te doen. Die salarispakket is onderhandelbaar met 'n vaste **termynkontrak van 12 maande** gekoppel aan prestasiedoelwitte. Die datum van **diensaanvaarding** is **1 Januarie 2014**. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **Sondag 13 Oktober 2013**. Stuur 'n volledige CV aan die skriba by **nhkdoringkruin@telkomsa.net**. Indien aansoekers binne twee weke na die sluitingsdatum niks van die gemeente gehoor het nie, kan aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was. Die volledige advertensie kan by bogemelde e-posadres aangevra word.

- Gemeentes en individue word daaraan herinner dat hulle hul **tydskrifintekenings** moet hernu. Daar sal nie soos in die verlede bloot met ou intekenings voortgegaan word nie. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za** om in te teken. Die pryse in 2014 is soos volg:

  Konteks
  R170 vir 10 uitgawes, R20 per individuele uitgawe (laasgenoemde posgeld uitgesluit)
  Die Hervormer
  R120 vir 11 uitgawes, R15 per individuele uitgawe (laasgenoemde posgeld uitgesluit)
  Almanak/Bybelse Dagboek
  R130 (posgeld uitgesluit as u dit nie by die gemeente afhaal nie)

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Wonderboompoort: 60-jaar-viering: *Sixties Dankfees***
  25, 26 en 27 Oktober
  hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal, Pretoria
  Vrydagaand 25ste: Vanaf 16:00 wegneemete
  Hamburgers en skyfies @ R25; koeldrank ook te koop
  Bestel by Riana (082 440 2201)
  Saterdag 26ste: 08:00 opening
  08:00 tot 9:30: *Sixties Ballroom*-ontbyt (Ou Kerkie)
  09:45 tot 10:30: Hondeskool
  10:30 tot 11:00: Harley Davidson-motorfietse
  11:00 tot 11:30: Dansgroep en stalletjies
  Eetgoed, krap-en-koop, teetuin, naaldwerk, speletjies, *Sixties Boutique*
  Groente, vrugte en plante, boeke en CD's

Sondag 27ste: 11:00 erediens en Nagmaal
Verversings in die saal
Navrae by 083 288 2779

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester: 60-jaar-viering**
  Dankdiens op Sondag 3 November om 10:00
  Almal wat 'n verbintenis met die gemeente gehad het welkom
  Daarna fotosessie en vingerete
  Bevestig met Pieter Greyling (018 468 8221 of **greyatt@telkomsa.net**)
  om ete by te woon
  Stuur foto's van doop, troues en belydenis van geloof in die gemeente
  ook aan Pieter

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met Doop Sondag
  Gedenkalbum teen R440 plus posgeld
  Kontak Dolla Coetzee by **dollacoetzee@telkomsa.net**
  of 073 170 5325 om te bestel
  Navrae aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 18 Oktober, en word hartlik geluk gewens.**

o Vrydag 11 Oktober:	Ds HJM (Hennie) Breedt (emeritus)
o Saterdag 12 Oktober:	Di GDJ (Gert) Macdonald (Nelspruit), BC (Barrie) Oberholzer (Zeerust) en M (Milankie) van der Walt (Namib-Suid)
o Maandag 14 Oktober:	Prof AC (Adriaan) Neele
o Woensdag 16 Oktober:	Ds SS (Sonia) van Wyk (beroepafwagtend)
o Donderdag 17 Oktober:	Prof JH (Jan) Barkhuizen (emeritus)
o Vrydag 18 Oktober:	Di WP (WP) Prinsloo (emeritus), JBJ (Kiewiet) van Deventer (Malelane) en JH (Johan) van Staden (Sionspoort)

Beplande vergaderings

o Donderdag 10 Oktober:	Redaksie van *Die Hervormer* ADV-dagbestuur (Telefoonkonferensie)
o Vrydag 11 Oktober:	Moderamen
o Maandag 14 Oktober:	Raad vir SENTIK
o Donderdag 17 Oktober:	TOIBO

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Silverton: Toerusting oor huishoudelike geweld**
  Saterdag 19 Oktober om 10:00
  Met Ina Bonnette, Marlene Flett (traumaberader)
  en Andrij van Niekerk (kenner van huishoudelike geweld)
  R120 per persoon (ete en geskenkpak ingesluit)
  hv Fakkel- en Presidentstraat
  Bespreek by Lynn Potgieter (082 550 7355)
  of ds Steve Oxton (084 589 1306)

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  Dinsdag 5 en Woensdag 6 November
  Tema: *Geloofsonderskeiding*
  By Gemeente Wapadrant
  R350 per persoon
  Predikante wat die VTT wil bywoon, moet mev Betsie Brits **voor 21 Oktober** per e-pos (**betsie.brits@up.ac.za**) of per faks (012 420 4303) of telefonies (012 420 5393) in kennis stel
  Die registrasiefooi moet verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito inbetaal word
  Rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA rekening nommer 020 149 752, kode 63 20 05, verwysing 2013K VTT
  gevolg deur die naam van die kursusganger

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir 'n **student**. Dit bestaan uit 'n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Frans Boshoff-woonstelkompleks in Mackenziestraat, Brooklyn (Pretoria)**, het 'n woonstel beskikbaar vir bejaardes. Dit is 'n netjiese eenslaapkamerwoonstel (42 vk m) op die grondvloer en is beskikbaar op woonregbasis. Dit is goeie waarde vir geld teen slegs R218 400. Frans Boshoff is geleë in 'n rustige, boomryke en veilige omgewing naby 'n winkelsentrum, en het sekuriteitomheining en toegangsbeheer. Daar word ook voorsiening gemaak vir motorstaanplekke (afdak). Gereelde aktiwiteite en ondersteunende dienste word aangebied. Vir meer besonderhede, kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418 gedurende kantoorure (07:00 tot 15:00).

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys**
  24-uur versorging met drie maaltye word voorsien
  Tans is daar beskikbare kamers:
  o 2 enkelkamers suidekant @ R5 800
  o 2 beddens in die 4-bed-kamer @ R5 800
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:
  4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

Konserte en feeste

- **Vrydag 25 Oktober om 19:00: Gemeente Strand**
  Konsert met Kurt Darren
  By Hoërskool Hottentots-Holland
  R120 volwassenes en R80 laerskoolkinders
  Navrae aan Douw Steyn by 071 382 1900

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- **Leef jou droom en besoek Israel saam met my**
  26 Maart tot 5 April 2014
  Toerleier: Dr André Ungerer
  Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië
  Geniet die piramides en sfinks as bonus op pad huis toe
  Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201
  E-pos: **andreung@telkomsa.net**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 11 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag**
  Bronkhorstspruit-gholfbaan
  Afslaantyd: 11 uur
  Formaat: 4-bal beterbal
  R250 per persoon (sluit ligte versnaperinge in)
  Borgskappe: R2 500 per putjie (sluit 4 spelers in)
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Randfontein Midpark: Wen ’n vakansie binne seisoen!**
  6 tot 13 Desember 2013 – **sluitingsdatum 15 Oktober 2013**
  Natalse Suidkus, Ramsgate
  Huis kan 6 tot 10 persone neem
  Ten bate van gemeente se skulddelgingsprojek
  Vir slegs ***R25*** kan jy ’n week lank gaan vakansie hou
  Kontak Chrissie Munnik by 082 335 2588 /
  Ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555 / **jpcvdw@lantic.net**
  Koop 10 kaartjies & kry een gratis!

- **Gemeente Bethal: Stap vir Bybels: Saterdag 19 Oktober om 09:00**
  By Hoërskool Hoogenhout
  Stap: 2,5 km (R20) en 4,9 km (R25)
  Draf: 4,9 km (R25)
  Fietsry: 10 km (R20) en 20 km (R25)
  Gelukkige trekkings
  Inskrywingsvorms beskikbaar by die skole of gemeentelike kerkkantoor of op die terrein die oggend
  Donasievorms ook beskikbaar
  Kontak Elmari van Rensburg by 082 781 0750 /
  Angela Nel by 082 784 6709 /
  Lietie Swanepoel by 082 771 4112 /
  Elzet Maritz by 084 521 1579

- **Gemeente Bergsig: Bybelloop**
  Saterdag 19 Oktober 09:00 tot 11:00
  By Suiderbergskool In Denyssenlaan, Mountain View
  R20 per persoon
  Inskrywingsvorm beskikbaar by kerk of op die terrein vanaf 08:00
  Donasievorms ook beskikbaar
  Kontak ds Freddie Nortjé by 074 308 7332 /
  Oudl Hannes de Wet by 082 424 3560 /
  Tina van der Schyff by 078 682 7093

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2014, trekking 1 Junie 2014
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok plus 4 dae en 3 nagte verblyf
  3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok plus 3 dae en 2 nagte verblyf
  Geborg deur Chaan Bezuidenhout
  Plaas se professionele jagter kan gebruik word
  Kontak Alida Reed by 082 228 3552
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895

Basaars en markte

- **Saterdag 26 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  KPO Lekker Kuier Kontreifees
  Uitstallers en kosstalletjies
  Gaskunstenaar Die Flooze (Sorina)
  Toegang R20 per persoon
  Kom geniet ’n heerlike dag
  Kontak Anneline by 082 924 7344 of Marius by 072 778 1033

- **Vrydag 22 en Saterdag 23 November: Gemeente Noordelike Pretoria**
  Bielie van 'n Makietie
  12de Laan, Gezina
  Met Liza Brönner en Wikus Botma
  Vrydagaand om 19:00: Ete by kerslig in die saal
  Etekaartjies tot 15 November te koop
  by Pikkie 083 404 5552 / Sarel 083 554 3397 / Mirna 082 307 7314
  Volwassenes = R50, persone oor 65 en kinders onder 12 = R25
  Saterdag vanaf 08:00: Iets vir almal
  Kosstalletjies, teetuin met gebak, koeldrank, pannekoek...
  Witolifanttafel, musiek, speletjies vir die kinders, lootjies en pryse te wen
  Uitstallers teen R50 'n stalletjie
  Liza en Wikus 11:00 – bring stoel of kombers
  Navrae aan Ria Smit by **236mms@gmail.com**

- **Saterdag 30 November: Gemeente Strand: Basaar**
  Plek: Saal van NG Moedergemeente
  Adres: hv Birkenhead- en Faganstraat
  Van vroeg tot laat met alles en nog wat
  Kom besoek ons en ondersteun ons as u in die omgewing is
  Navrae aan Douw Steyn by 071 382 1900

ANDER NUUS

- **UP FAKULTEIT TEOLOGIE**
  Heidelbergse Kategismus 450 Konferensie
  28-29 Oktober
  Aangebied deur die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg
  Proff Eberhard Busch, Natie van Wyk, Christina Landman, D Ottati
  Drr Kobus Labuschagne, Wim Dreyer, Johan van der Merwe
  Navrae aan dr Wim Dreyer by **wim.dreyer@up.ac.za**

- **BEELD-KINDERFONDS**
  - **Wen 'n Peugeot**
    SMS PEUGEOT na 32541 of SMS KINDERS na 32541
    R25 per SMS
    Tot 6 November
  - **Kerskonsert**
    Woensdag 27 November in Pretoria
    R110 en R155

  Navrae aan Adrie van Staden by 011 976 2273 / 073 749 2697
  Besoek **www.beeldkinderfonds.co.za**

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met

betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Ek glo ek praat namens ons Hervormers in die buiteland as ek sê dat die gebeure op die afgelope Algemene Kerkvergadering vir ons 'n riem onder die hart is. Al is daar 'n groot afstand tussen ons, is die lewe van die Hervormde Kerk steeds vir ons van groot belang. Dit is lekker vir my om te sê dat ek met groot trots verneem het van die gesprekke wat gevoer is, die gees waarin dit plaasgevind het en die besluite van die vergadering – asook die verkiesing van leiers. Mag dit die begin wees van 'n nuwe era. Groete uit Skotland."

Louis Bezuidenhout, Inveraray

"In dr Wim Dreyer se hoofartikel verlede week gebruik hy die term *geloofstaal.* Is dit nie opvallend nie dat dit die kern van ons totale Christenskap en kerkwees omvat? Dit is ook die term wat Jesus telkens gebruik wanneer Hy dié wat gemeen het dat hulle verlore was, bemoedig het: *Jou geloof het jou gered.* En geloof het geen skeidsmure nie."

Dr Ernie Jacobson

"Ek wil u graag bedank vir die terugvoer op die AKV. Ons besef daar is nog baie werk wat gedoen moet word, maar is baie bly dat ons die seer kan dokter en dat dit begin gesond word."

D Jackson

Die volgende kommentaar kom van die Kerk se Facebook-blad. Ons plaas dit anoniem.

- Nog iets oor die AKV: Vir my is die duidelikste teken van die teenwoordigheid van die Heilige Gees by 'n vergadering nie die besluite wat geneem word nie, maar die gees wat heers as mense van mekaar verskil. Dit was so anders dié vergadering: Daar kon verskille wees, maar die emosie was soveel anders! Dankie vir almal wat dit moontlik gemaak het.
- Ek wil my stem hierby voeg. Nog spesiaal was die opening en afsluiting elke dag. Dit was nie sommer net nie, dit was profeties. Vroegoggend opgeroep om eerlik na die stem van God te luister, en laataand troos dat nie my wil nie, maar die wil van God aan die werk raak.
- Die afwesigheid van vyandigheid in vergelyking met vorige vergaderings was merkwaardig.
- Ek het met verskeie predikante gepraat wat laat blyk het dit was hul positiefste ervaring van enige AKV ooit! Dit was my vierde, en by verre die een wat ek wil onthou... Vir lank nog! Dankie aan die Kommissie vir hul tweedag-inisiatief, maar ook elke afgevaardigde wat bygedra het tot hierdie besondere ervaring. By die

laaste twee vergaderings het ek in my stoel weggesink en gewonder wat die aspirantpredikante (studente) moes dink van die Kerk waarin hulle predikante gaan wees binne ’n jaar of drie. Hierdie keer het ek gedink: Kyk maar gerus, luister maar gerus: Hierdie is ons Kerk!

- Ek het nooit gedink ek sou dit sê nie: *Ek wens ek kon die vergadering weer oorhê.* Die atmosfeer van kalmte en rustigheid was ongelooflik. Dit is alles die werk van die Heilige Gees. Maar ek dink dit was omdat almal hulleself oopgestel het om deur die Gees gelei te wil word. Ek het in die vergadering beleef dat ons dieselfde gebed as Salomo gebid het: *Here, gee my asseblief ’n luisterende oor na wat u wil is.*

AGTERBLAD

Konteks in 2014

Ons het tydens die afgelope AKV verskeie nuwe projekte, inisiatiewe en rubrieke vir *Konteks* in 2014 aangekondig. Ons gee hiermee ’n bietjie meer inligting.

Fotoprojek in samewerking met die Argief

Met al die digitalisering sit sommige mense en gemeentes se foto’s op ’n geheuestokkie of verwante stoorapparaat, en ontstaan daar ’n gaping in die geheue van ons Kerk. Die Argief en *Konteks* span saam in ’n projek om fotomateriaal te herwin en te bewaar. ’n Rubriek hieroor onder leiding van die argivaris, mnr Nándor Sarkady, sal in die Januarie/Februarie 2014-uitgawe van *Konteks* begin.

Ringsbylae

Dié projek is nou by die halfpadmerk en behoort teen einde 2015 voltooi te wees. In die proses word elke kerkgebou in die NHKA gedokumenteer en word ’n bundel saamgestel met soortgelyke waarde as die *Gedenkalbum 1886-1986*. Wanneer ons dus in 2016 hierdie ringsbylae wat die afgelope vier jaar in *Konteks* verskyn het saambundel, sal dit ’n soortgelyke oorsig met aansienlike historiese waarde aan die Kerk bied – presies 30 jaar na die vorige album.

Spesiale uitgawes

Die Oktober 2013-uitgawe van *Konteks* is as *Termynoorsig 2010-2013* uitgegee. Op soortgelyke wyse sal ons byvoorbeeld in 2017 wanneer ons die 500-jarige herdenking van die Kerkhervorming vier, dele of geheeluitgawes van *Konteks* aan hierdie besondere geleentheid in die kerk se geskiedenis kan wy. Daarby sal ons ook ’n volle uitgawe aan die Fakulteit Teologie wat in dieselfde jaar 100 jaar oud is, kan wy.

Die ligter sy van ons predikante

Ons begin ook in 2014 met ’n rubriek waarin ons die predikante van die Kerk deur middel van elkeen se “ligter” kant (belangstellings, stokperdjies, ander bedrywighede) aan die Kerk bekendstel.

Hou *Konteks* dop vir meer besonderhede!

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel